*Ons gee God se Hoop en liefde aan*

# Diensnuus 8 Maart 2026



**09:30 Erediens / Kategese**
**09:00 Botrivier Erediens**

## 01 ALGEMENE INLIGTING:

**Woord & Gebedsbediening:**

***Gebedskamer:*** Ons nooi jou uit om saam met ons te kom bid elke Donderdagoggend 05:00

*As jy 'n **daaglikse skrifgedeelte** en **gebed** wil ontvang: WhatsApp jou naam na 0834142413*

SnapScan is beskikbaar tussen banke. Dankie
https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Leoni Blom
Stoffel Niemand
Riëtte Steyn

## 03 Parkrun Saterdag 7 Maart: Colour run

**Badisa** is ons maatskaplike diens in Caledon omgewing. Hulle help ons baie met maatskaplike en sosiale uitdagings in ons omgewing. Dit is n baie uitdagende roeping waarby hulle betrokke is. Badisa het `n projek geloots, naamlik Kuumba. Die projek is vir fondsinsameling en bewusmaking van die werk wat veral onder die kwesbaarstes gedoen word. Dit gaan hoofsaaklik vir ouer mense en kinders wat mishandel word. Hierdie kwesbares het min weerstand teen die wereld, en daarom wil ons Kuumba ondersteun in hierdie groot taak.
Kom ondersteun gerus die Kuumba projek tydens die **parkrun ,Saterdag 7 Maart om 8:00.** Dit gaan gepaart met `n colour run, so bring ou klere saam. Dankie vir julle ondersteuning.




7 Maart

## ONS BID VIR :

Pieter Le Riche
Elsabe Barnard
Sandra Cloete

### Troos:

Ons dink aan Andrew Beukes, Marelize Faul , vriende en familie met die afsterwe van Marianne Beukes.

*Troosdiens* 10 Maart 11:00 by Botrivier kerksaal.

Ons dink aan Jos van der Westhuizen en familie met die afsterswe van Inus van der Westhuizen.

## 04 Dienssentrum Ete:

19 Maart

Waboomskloof
De Kuil
Wyk 4

## 05 DIENSBEURT:

**8 Maart**
Wyk 14

*Baie dankie*

**15 Maart**
Wyk 16

Hierdie week het ons begin met die geknal van die oorlog nuus, ‘n vinnige betoging Maandag oor land, en dan kan die lys seker van daar af aangevul word.  Ons kan ook God se almag weer in aksie sien – Sy stem duidelik hoor.  Lees saam met my die volgende skrywe van *Nadie Muller (Simondium Familiekerk)* oor die feite wat God reeds lankal neergepen het in goeie en slegte tye.  Feite oor God se liefde wat ons rigting laat hou op ons lewenspad!

**Meer as 'n enkelverhaal**

*geskryf deur Nadia Muller* (Simondium Familiekerk)

Lank voor algoritmes al ‘n ding was, het Ek jou reeds by jou naam geken. Ek het jou nie as 'n karikatuur of 'n "enkelverhaal" ontwerp nie. Ek sien nie net die verhoog waar die kolligte skyn nie, Ek ken elke kamer in jou huis, selfs dié agter die deure wat jy so maklik vir die ander mense toetrek.

Jy is <u>geseën</u>, nie met dinge wat roes of vergaan nie, maar met elke hemelse gawe wat in die Gees bestaan. Voor die fondamente van die tyd was jy reeds Myne, uitverkies om heilig en onberispelik voor My te leef. Moenie probeer om jouself te herskep met filters of skerms nie; In Christus is jy reeds klaar My kind.

Jou "geestelike bankstaat" het Ek self met genade gebalanseer. Waar daar skuld en skaamte was, is daar nou genade en vergifnis. Deur die bloed van my Lam is jou oortredings vergewe, die prys is betaal sodat jy in vryheid kan lewe. Jy is nie net 'n nommer of 'n foutiewe ontwerp nie, jy is My kosbare eiendom, deur my Seun vir my herwin.

Kyk na jou hart - Ek het my koninklike seël daarop afgedruk. My Heilige Gees is die waarborg van jou ewige behoort. Hierdie merk sê vir die wêreld: **"Hierdie een behoort aan My".**

Miskien is my liefde té groot vir jou om nou te verstaan, maar onthou net dit: Ek hou van wie jy is - die multidimensionele, regte jy.

**Kom rus in My waarheid, en laat die leuens van die wêreld verbygly**.

Jy is Myne. Geseënd, vergewe en vir ewig vry.

Kyk weer met die **bevestigende woorde** van God na waar jy leef tussen alles wat gebeur.  Dink aan jou gawes, jou plek, jou kindskap en word rustig in God se arms.

Mooi week uit:Crassulapastorie

# Preeknotas:8 Maart 2026
## Teks:Joh.12:1-8
## Tema: Wat se pad loop ek?

Lees Joh.12:1-8 en dink saam oor die teks aan die hand van die volgende gedagtes:

- Wat kan jy doen wanneer jou lewenspad moeilik is? (dalk ‘n liedjie wat jy sing/gebed wat jy bid?)

- Deel met iemand dit wat vir jou moeilik is. (ondersteun mekaar dus – weet dat soms ondersteun jy ander en soms ondersteun hulle jou)

Goeie insig oor dit wat ons soms as belangrik sien en net wil navolg: *Mary Fisher* het die volgende gesê in ‘n gesprek waar iemand vir haar gesê het dat hy ongelukkig is en dat sy hom moet help om geluk te kry, lees haar antwoord fyn:

**What is happiness anyway? JUST do what the Lord called you to do, and that should be enough**.

- In ons teksdeel doen Maria dit wat sy moes doen – sy gee haar allerbeste vir Jesus. Sy was Sy voete en droog dit met haar hare af. Sy het gedoen wat sy moes doen in die kort tydjie wat Jesus nog by hul was. Wat kan jy by haar leer oor roeping?

- Ander het haar aksie bevraagteken maar Jesus sien haar hart. Beleef jy soms protes op jou **lewenspad**? Hoe hanteer jy dit in Jesus se aangesig – luister jy na Hom of na mense?

- Sien jy verskille op jou **lewenspad** met ander mense? Besef weer die genade van gebed

- Beleef jy God se troos op jou **lewenspad**? (Joh.13 was Jesus Self Sy dissipels se voete)

- Hoor weer Jesus se opdrag – (roeping vir ons) gaan doen julle dit wat Ek gedoen het.

# VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Petro | de Kock | 03/06 |
| Elmien | De Wet | 03/06 |
| Lisa | Kroes | 03/06 |
| Liza | Van der Westhuizen | 03/06 |
| James | Whiteman | 03/06 |
| De Wet | Badenhorst | 03/07 |
| Annelize | Swart | 03/07 |
| Magriet | Jonker | 03/08 |
| Egbert | Niemand | 03/08 |
| Erika | Smith | 03/08 |
| Jannie | Swart | 03/08 |
| Maja | Basson | 03/09 |
| Adriaan | Bosman | 03/09 |
| Ella Sophia | Du Toit | 03/09 |
| Blackie | Swart | 03/09 |
| Alexis | Volschenk | 03/09 |
| Roberto | Brink | 03/10 |
| Dawid | Crous | 03/10 |
| Eliese | Du Toit | 03/10 |
| Anna-Marie | Grewe | 03/10 |
| Clayton | Lubbe | 03/10 |
| Jurie | Van Dyk | 03/10 |

| | | |
|---|---|---|
| Cobus | Van Niekerk | 03/10 |
| Isabella | Whiteman | 03/10 |
| Jolize | Wiehahn | 03/10 |
| Sonja | Cronje | 03/11 |
| Benje | Crous | 03/11 |
| Anton | Stevens | 03/11 |
| Botes | Botes | 03/12 |
| Liani | Burger | 03/12 |
| Charl | De Wet | 03/12 |
| Diensie | Groenewald | 03/12 |
| Rihan | Volschenk | 03/12 |
| Ilgre | Botes | 03/13 |
| McKenzie | Johnson | 03/13 |
| Miempie | Stodart | 03/13 |
| Isabel | Van Deventer | 03/13 |
| Ninke | Du Toit | 03/14 |
| Barend | Kotzé | 03/14 |
| Jean | Coetzee | 03/15 |
| Ancomien | Kemp | 03/15 |
| Wynand | Pool | 03/15 |
| Danèl | Schultz | 03/15 |
| Handré | Van Dyk | 03/15 |
| Rina | Van Wyk | 03/15 |
| Cecil | Vollgraaff | 03/15 |

# MaranathaVoedsel projek:

Devan Theunissen

Ons as gemeente reik weekliks uit na werklose en hawelose mense in ons gemeenskap. Bid saam vir hulle eensaamheid en ellende. Bid vir hul verlossing in Jesus Christus. Ons hou rekord van elkeen se verhaal en belowe om vir hulle te bid en te help waar moontlik. Bv warm klere en komberse,  werkverskaffing, respek, aanmoediging en kos dmv die Maranatha voedselprojek.

